Geliefde Lourensrivierder

So was ons Omgeegroep laas Saterdag by Stephan Joubert se praatjie oor "Verander jou kop, verander jou lewe" en Maandagaand het ons Rapha vrouegroep sy praatjie oor Genade bygewoon..... Sjoe, was dit nou insiggewend! Daar was een baie diepgaande, uitdagende gedagte wat my laat regop sit het.... Hy het gesê "Dis nie geoeg dat jy net jou hart vir die Here gee nie; Hy vra jou kop ook!" Geen wonder Paulus sê in Romeine 12:2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Stephan eindig sy boek (met dieselfde titel as praatjie) met hierdie gedagte: "*Ruil asseblief jou hart en jou kop elke dag in vir 'n nuwe een (onder konstruksie van die Heilige Gees). Jy is meer as jou brein... Jy is meer as al daardie gevoelens en gedrag wat jou weghou van 'n lewe van vrede en oorvloed. Laat toe dat God jou denke aanhoudend vernuwe sodat jy Sy wil kan ervaar. DOEN DIT, LEEF DIT!*"

NUUSKRUMMELS: 23/02/2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

WEGNEEMETES: Vrydag 3 Maart (t.b.v. ons Voedselfees)

Daar is smullekker Kerrie & Rys @ R30,
'n Jumbo-Hamburger met 'n bief-patti van Flameros @ R30 asook Pannekoek @ R5

Jou dienswerker sal jou besoek met die ete-opnames.
Kaartjies nog te koop by die kerkkantoor tot Maandag voor 12h00.

Kontak: 021 853 5991

WêRELDBIDDAG VIR VROUE (EN MANS)

ONS NOOI JOU UIT: Kom aanbid saam met ons vir 'n uur en lê jouself, jou eie probleme en dankseggings, ons kinders, ons land en leiers voor die Here neer (mans ook welkom).
NAVRAE: Joubert van Tonder @ 082 9492 045

IS GEBED REGTIG NODIG?
Die vraag is: Het `n soewereine, almagtige God ons gebede werklik nodig, kan dit herlewing bring, genesing bewerkstellig, reën laat kom. In Esegiël 22: 30 –31 lees ons: "Ek het iemand tussen julle gesoek wat `n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig sou word nie, maar ek het NIEMAND gekry nie".

BYBEL IN KERK GEVIND:



NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

AMOS KAAP MARK, 04 MRT 2017 TEN BATE VAN PLAASBEARBEIDING IN STRAND

Amos-Kaap hou **vyf Plaasmark** ten bate van plaasbearbeiding in die **Strand** op die sypaadjie **onder die Spur**. Hoof Koördineerder van die markte is JB Wessels kontak 0832334533 vir navrae.
Amos Kaap is 'n nie rassige, interkerklike, landbouorganisasie wat fokus op evangeliebediening en die bemagtiging van die landbougemeenskap van SA en Afrika.

Amos se visie is: Om te *LEEF EN BOER SOOS GOD WIL*,
Amos se Missie is: Die transformasie van die landbougemeenskap in Afrika deur die herstel en bou van verhoudings met God, mense en die skepping sodat God se Koninkryk in hulle sigbaar kan word.

Ons wil deur die verkoop van vars produkte bv. groente en vrugte teen markprys fondse vir Amos werksaamhede insamel.

Markdatums vir 2017 as volg:

04 Maart	-	Wellington koördineer
01 April	-	Villiersdorp/Worcester koördineer
06 Mei	-	Studente Koue Bokkeveld koördineer
03 Junie	-	Citrusdal koördineer

Indien u meer inligting rondom Amos se werksaamhede wil weet kan u Amos Kaap se koördineerder by **083 2334533** skakel.

JB Wessels
Amos Bediening Leierskap Spanlid
AMOS agrimin Kaap
Web: www.amosafrica.net
Epos: jb.wessels@amosafrica.net
Selfoon: +27(0)83 233 4533
Faks: +27(0)86 756 4986

Groete in Christus

Ds. JB Wessels Amos Kaap bediening koördineerder

CYCLING FOR CHRIST

Warm Greetings, #C4C Supporter

Just a short update on our #missionDIFFERENCE Project. We have set a target of raising R10000 for the Hoërskool Strand Hulpfonds [helping learners who cannot afford food/stationery/clothes/shoes]. At this stage we have raised R2800 and I truly believe that we will reach our target by the end of March 2017.
If you would like to make a contribution - please contact us via email/cellphone [details below].

Anchen and I will also ride the 109km Cape Town Cycle Tour [Argus] to raise funds for #missionDIFFERENCE - so if you want to sponsor us per kilometer, you can do so.
Unfortunately I couldn't ride the 99er Cycle Tour due to illness, but Anchen had a great race.
Thank you for all the support, prayers and blessings - we truly appreciate you!
"Be the difference you want to see!"

Regards, Vinnie Favero
Founder/Leader - Cycling 4 Christ (0834420082 / info.cycling4christ@gmail.com)

POTJEKOSKOMPETISIE OP 25/2/2017 vanaf 12:00 tot 17:00 teen R50-00 per porsie (rys, potjieporsie en sny tuisgebakte brood ingesluit).
Die volgende tipes potte is beskikbaar:
Hawaiian (soetsuur vark); Seekos; Skaappot; Waterblommetjie (x 2 potte); Skaapskenkel (x 2 potte); Bief Bourguignon; Skaapkerriepot; Kerriehoender; Skenkel groentepot; Lamspot; Lamsnekpot; Bees en groenboontjiepot; Pastapot.
Bestellings kan NOU geplaas word by Anderesa of Henriette by 021 854-3763.

Baie dankie, mooi dag, Henriette van der Merwe (Hoof: ACVV Huis Jan Swart)

GELUKWENSING:

- Langies en Alta Langenhoven het die trotse Oupa en Ouma geword van 'n kleindogter. Babatjie Mira is gebore op 21 Februarie 2017. Baie seën ook vir die ouers, Deon & Corlia.
- Dillie van Deventer is die trotse ouma-grootjie van 'n agterkleinseun wat in Nieu Zealand gebore is. Sy naam is Kai. Baie seën ook vir die ouers Sean & Renata van Deventer.

KNIEWERK:

- Ons bid vir reën en dat ons land die Here se aangesig gedurig sal soek, nie net in nood nie.
- Burrie van Zijl vir spoedige herstel en beterskap
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen
- Ons innige meegevoel met Hans Delsink en familie met die heengaan van sy moeder
- Ons innige meegevoel met Elmarie Strombeck en familie met die heegaan van haar moeder, Winnie de Waal by Huis Jan Swart
- Amanda Slabber bedank almal wat saamgebid het, dit gaan baie goed met haar suster, Marieta Bosman

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 19 FEBRUARIE SE BOODSKAP: 2 Petrus 1:16-21

SONDAG VAN VERHEERLIKING EN DIE WEEK DAARNA: Geloof en koers

Elke mens se lewe is 'n reis na 'n bestemming. Waarin jy glo, en die keuses wat jy maak, het 'n impak op die plek waar jy eendag gaan uitkom. Mense wil graag realisties wees. Ons wil ons lewe egter bou op feite, nie op lugkastele nie. Ons wil hê die fondament van ons lewe moet stewig wees, 'n gepaste wegspringplek vir 'n reis na 'n bestemming wat vervulling en vrede bring. Daar is baie stemme wat baie feite, weergawes van die waarheid en toekomsmoontlikhede aan ons uitbasuin. Materialiste en ateïste sê hierdie wêreld is al wat ons het, en hierdie lewe is die enigste vorm van bestaan. Niks anders maak saak nie. Die Christelike geloof bou op die openbaring van God in Jesus Christus van Nasaret, gestuur deur die Vader en bemagtig deur die Heilige Gees. Ooggetuies het God se werk in Jesus waargeneem en dit neergeskryf. God se werk in die Ou Testament bereik sy hoogtepunt en afronding in Jesus. Kragtens, in Jesus se lewe en sterwe het daar vir ons versoening met God gekom, en in Jesus se opstanding het God 'n eerste demonstrasie gegee van die herskepping en nuwe lewe wat vir God se kinders en God se skepping weggelê is. **God gee hierdie gawe vryelik vir almal wat glo.**
Dit verg geloofsmoed om in die genadige hande van God in Christus te val en jou lewe volgens God se bedoeling in te rig. Om dit te kan glo, is opsigself 'n gawe wat God in ons werk. Die aanspreek is dat God self in Jesus op hierdie aarde aangekom het, dat God se bedoelinge in Jesus – wat die dood van 'n krimineel gesterf het – vervul is. En dat God se beloftes van 'n heerlike toekoms waar is.

Hier is ons geloofsbelydenis, gesing deur Newsboys: https://www.youtube.com/watch?v=T5CVN-dpvbQ
En Hillsongs eggo dit saam! https://www.youtube.com/watch?v=X-m9sRRN9MA

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE

DANKIE PAM GOLDING VIR DIE EKSTRA KLEUR IN ONS KOMMUNIKASIE ☺